



## Join us and read aloud!

### Welcome to your special World Read Aloud Day edition of the Nal'ibali Supplement!

World Read Aloud Day is celebrated by people from all over the world who are passionate about children's books and reading. In fact, it's celebrated by over one million people in more than one hundred countries! Every year Nal'ibali joins in these celebrations to raise awareness in our own country of how reading aloud supports children's literacy development.

Each year on World Read Aloud Day, people get together to read stories to each other. It's a day where we turn the spotlight on sharing the power of stories with each other so that we create communities of readers. Adults read stories to children, older children read to younger children, and some children even read to adults they know who love hearing them read, or are not able to read themselves. And this all happens in different places: in homes, schools, preschools, libraries, community centres, old age homes, churches, temples, mosques and bookshops!

But, the simple act of reading aloud on this day is about more than just people sharing stories they enjoy. It also shows our children and others around us that:

- we think reading is important.
- we are committed to helping children become readers by reading aloud to them regularly.
- we believe that everyone has the right to learn how to read!

On Nal'ibali's first World Read Aloud Day celebration in 2013, 13 401 children were read to and this number has just kept growing year after year! Last year was our eighth World Read Aloud Day and **2 925 224** children across South Africa were read to. And this year, on **3 February**, we want to reach even more children. Find out how you can help us do this on page 2.

On World Read Aloud Day, we hold hands with others to create a global literacy movement. Reading aloud on this special day is a symbol of our commitment to the power of literacy, and also a very practical way of showing everyone that reading matters.

Join us this World Read Aloud Day and share a story!

## Sluit by ons aan en lees hardop!

### Welkom by ons spesiale uitgawe van die Nal'ibali-bylae vir Wêrelddag vir Hardop Lees!

Wêrelddag vir Hardop Lees word oor die hele wêreld gevier deur mense wat passievol oor kinderboeke en lees is. Trouens, dit word deur meer as een miljoen mense in meer as 'n honderd lande gevier! Nal'ibali neem elke jaar aan hierdie vierings deel om in ons eie land bewustheid te kweek vir hoe hardop lees kinders se geletterdheidsontwikkeling ondersteun.

Elke jaar op Wêrelddag vir Hardop Lees kom mense bymekaar om vir mekaar stories te lees. Dit is 'n dag waar ons die kollig plaas op hoe belangrik dit is om die krag van stories met mekaar te deel sodat ons 'n gemeenskap van lesers kan bou. Volwassenes lees vir kinders stories, ouer kinders lees vir jonger kinders, en sommige kinders lees selfs vir volwassenes wat daarvan hou om hulle te hoor lees, of wat nie self kan lees nie. En dit gebeur alles op verskillende plekke: in huise, skole, kleuterskole, biblioteke, gemeenskapsentrums, ouetehuse, kerke, tempels, moskees en boekwinkels!

Maar om op hierdie dag hardop te lees, gaan oor meer as net mense wat stories deel wat hulle geniet. Dit wys ook vir ons kinders en ander mense om ons dat:

- ons dink lees is belangrik.
- ons daartoe verbind is om kinders te help om lesers te word deur gereeld vir hulle hardop te lees.
- ons glo almal het die reg om te leer lees!

Op Nal'ibali se eerste viering van Wêrelddag vir Hardop Lees in 2013 is daar vir 13 401 kinders gelees, en hierdie getal het jaar na jaar net bly groei! Verlede jaar was ons agtste Wêrelddag vir Hardop Lees en daar is vir **2 925 224** kinders oor die hele Suid-Afrika gelees. En hierdie jaar, op **3 Februarie**, wil ons selfs meer kinders bereik. Vind op bladsy 2 uit hoe jy ons kan help om dit te doen.

Op Wêrelddag vir Hardop Lees vat ons hande om 'n wêreldwye geletterdheidsbeweging te skep. Om op hierdie spesiale dag hardop te lees, is 'n simbool van ons verbintenis tot die krag van geletterdheid, en ook 'n baie praktiese manier om vir almal te wys dat lees saak maak.

Sluit hierdie Wêrelddag vir Hardop Lees by ons aan en deel 'n storie!

### What's inside?


- ★ How to join in the Nal'ibali celebrations (page 2)
- ★ Ideas for ways to celebrate World Read Aloud Day (page 2)
- ★ Poster with 5 good reasons to read aloud (page 3)
- ★ A special Nal'ibali World Read Aloud Day cut-out-and-keep book (pages 5, 6, 11 and 12)
- ★ Two other stories (pages 7 to 10, and pages 14 and 15)
- ★ A World Read Aloud Day badge (page 16)

### Wat's binne?

- ★ Hoe om deel te neem aan die Nal'ibali-vierings (bladsy 2)
- ★ Idees vir maniere om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier (bladsy 2)
- ★ Plakkaat met 5 goeie redes om hardop te lees (bladsy 3)
- ★ 'n Spesiale Nal'ibali knip-uit-en-bêreboekie vir Wêrelddag vir Hardop Lees (bladsye 5, 6, 11 en 12)
- ★ Nog twee stories (bladsye 7 tot 10, en bladsye 14 en 15)
- ★ 'n Kenteken vir Wêrelddag vir Hardop Lees (bladsy 16)



Drive your  
imagination



IT STARTS WITH  
A STORY.  
DIT BEGIN MET  
'N STORIE.

## Join us on World Read Aloud Day!

Since 2013, Na'ibali has been bringing you a special story to celebrate World Read Aloud Day. This year's story, *Fly, everyone, fly!*, features some of our much-loved Na'ibali characters. It was written by children's author, Sihle Nontshokweni, and illustrated by Magriet Brink and Leo Daly. Read it to the children in your life this World Read Aloud Day, 3 February 2021, and be part of the excitement!

### How to join in

1. Go to [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) to sign up your family, reading club or school and help make this the biggest World Read Aloud Day celebration in South Africa.
2. Make Na'ibali World Read Aloud Day badges with your children. Use the template on page 16, or design your own badges.
3. On 3 February 2021, read our special World Read Aloud Day story to:
  - ★ your own children, grandchildren, nieces and nephews
  - ★ children in your class or at your school
  - ★ children at your reading club, library or community centre.
4. Do other fun World Read Aloud Day activities. Use the ideas below to help you.



## Sluit by ons aan op Wêrelddag vir Hardop Lees!

Sedert 2013 bring Na'ibali vir jou 'n spesiale storie om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier. In hierdie jaar se storie, *Kom ons vlieg!*, ontmoet ons weer van ons geliefde Na'ibali-karakters. Die storie is geskryf deur die kinderboekskrywer, Sihle Nontshokweni, en geïllustreer deur Magriet Brink en Leo Daly. Lees dit hierdie Wêrelddag vir Hardop Lees, 3 Februarie 2021, vir die kinders in jou lewe, en deel in die opwinding!

### Hoe om deel te neem

1. Gaan na [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) om jou familie, leesklub of skool in te skryf en help om hierdie die grootste viering van Wêrelddag vir Hardop Lees in Suid-Afrika te maak.
2. Maak Na'ibali se kenteken vir Wêrelddag vir Hardop Lees saam met jou kinders. Gebruik ons kenteken op bladsy 16, of ontwerp julle eie.
3. Lees op 3 Februarie 2021 ons storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees vir:
  - ★ jou eie kinders, kleinkinders, broers- en susterskinders
  - ★ kinders in jou klas of by jou skool
  - ★ kinders by jou leesklub, biblioteek of gemeenskapsentrum.
4. Doen ander prettige aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees. Gebruik die idees hieronder om jou te help.

## 5 World Read Aloud Day activities



1. Let your children make their World Read Aloud Day badges (see page 16) before 3 February so that they can wear them on World Read Aloud Day. (You can get extra copies of the badge or find it in other languages at [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).)
2. Read our special World Read Aloud Day story, *Fly, everyone, fly!* Go to [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) and sign up to let us know how many children you read to.
3. Choose some of the activities suggested for *The tale of Oxpecker and Buffalo* and *Little Goat* in the "Get story active!" section on page 13.
4. Give your children some blank paper and crayons or pencil crayons. Invite them to design a new book cover for one of their favourite books.
5. Have fun playing Story-in-a-Circle with groups of adults and children, or just children. Let everyone sit in a circle. Then ask a few people to volunteer to stand in the centre of the circle. The people sitting in the circle create a group story by each adding one or two sentences to the story as it goes around and around. The people standing in the middle of the circle act out the story as it develops.



## 5 aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees

1. Laat jou kinders hulle kentekens vir Wêrelddag vir Hardop Lees voor 3 Februarie maak (sien bladsy 16) sodat hulle dit op Wêrelddag vir Hardop Lees kan dra. (Jy kan ekstra eksemplare van die kentekens en die kentekens in ander tale kry by [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).)
2. Lees ons spesiale storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, *Kom ons vlieg!* Gaan na [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) en skryf in om ons te laat weet vir hoeveel kinders jy gelees het.
3. Kies van die aktiwiteite wat voorgestel word vir *Die verhaal van Renostervoël en Buffel* en *Klein Bokkie* in die afdeling, "Raak doenig met stories!" op bladsy 13.
4. Gee vir jou kinders skoon velle papier en kryte of potloodkryte. Nooi hulle om 'n nuwe boekomslag vir een van hulle gunstelingboeke te ontwerp.
5. Geniet dit om Storiekring met groepe volwassenes en kinders, of net kinders, te speel. Laat almal in 'n kring sit. Vra dan 'n paar mense om vrywillig in die middel van die kring te gaan staan. Die mense wat in die kring sit, maak dan 'n groepstorie op deur een of twee sinne by die storie te voeg namate dit vorder. Die mense wat in die middel van die kring staan, voer die storie op namate dit ontwikkel.



Drive your  
imagination

# 5 good reasons to read aloud

- 1 It helps to develop the bond between a parent and child.
- 2 Children see reading as a satisfying activity.
- 3 It helps to motivate children to read.
- 4 It shows young children how we read and how books work.
- 5 Children can enjoy stories that they cannot read on their own yet!



# 5 goeie redes om hardop te lees

- 1 Dit help om die band tussen 'n ouer en kind te versterk.
- 2 Kinders sien lees as 'n bevredigende aktiwiteit.
- 3 Dit motiveer kinders om te lees.
- 4 Dit wys jong kinders hoe ons lees en hoe boeke werk.
- 5 Kinders kan stories wat buite hulle eie leesvermoë is, verstaan en geniet!

Contact us in any of these ways:  
Kontak ons op een van die volgende maniere:

 [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)

 [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)

 [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)

 [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)

 [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)

 [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org)

 nalibali

## Meet Nal'ibali's new CEO!



Yandiswa Xhakaza loves Nal'ibali because she believes that reading is the foundation of a child's future success. We asked her a few questions.

**What is your favourite story or book?**

*The God of Small Things* by Arundhati Roy.

**What book are you reading to your children at the moment?**

*The Diary of a Wimpy Kid* because that is what they are interested in right now.

**If you had to give our readers two bits of advice on being a successful person, what would it be?**

Know your strengths and use them well. At the same time, be aware of your weaknesses and know when to ask for help.

**What vision do you have for the future of Nal'ibali?**

Nal'ibali's impact will be felt by children who will go on to add value to our society in a range of different ways. They will be young adults who will remember that, had it not been for Nal'ibali, they would not be where they are. They will be avid readers who would not be readers had it not been for Nal'ibali making reading material accessible.



Yandiswa Xhakaza

## Ontmoet Nal'ibali se nuwe Hoof Uitvoerende Beampte!



Yandiswa Xhakaza is passievol oor Nal'ibali, want sy glo lees is die fondament van 'n kind se toekomstige sukses. Ons het vir haar 'n paar vrae gevra.

**Wat is jou gunstelingstorie of -boek?**

*The God of Small Things* deur Arundhati Roy.

**Watter boek lees jy op die oomblik vir jou kinders?**

*The Diary of a Wimpy Kid*, want dit is waarin hulle op die oomblik belangstel.

**As jy vir ons lesers twee stukke raad moet gee oor wat dit verg om suksesvol te wees, wat sou dit wees?**

Ken jou sterk punte en gebruik dit goed. Wees terselfdertyd bewus van jou swakhede en weet wanneer om vir hulp te vra.

**Watter visie het jy vir Nal'ibali se toekoms?**

Nal'ibali se invloed sal gevoel word deur kinders wat sal voortgaan om op talle verskillende maniere waarde tot ons samelewing toe te voeg. Hulle sal jong volwassenes wees wat sal onthou dat hulle nie sou wees waar hulle is as dit nie vir Nal'ibali was nie. Hulle sal ywerige lesers wees, wat nie lesers sou gewees het as dit nie vir Nal'ibali was wat leesmateriaal toeganklik gemaak het nie.

### REMEMBER!

We need to read aloud to our children every day - not only on World Read Aloud Day! If we read to them for just 15 minutes every day in 2021, we will have read to them for 5 475 minutes by the end of the year. That's 91½ hours of reading fun!


### ONTHOU!

Ons moet elke dag vir ons kinders hardop lees - nie net op Wêrelddag vir Hardop Lees nie! As ons in 2021 elke dag slegs 15 minute lank vir hulle lees, sal ons teen die einde van die jaar 5 475 minute vir hulle gelees het. Dit is 91½ uur se leespret!



### Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
  - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
  - b) Fold it in half again along the green dotted line.
  - c) Cut along the red dotted lines.



### Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
  - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
  - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
  - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your imagination



“Joe, dis so cool,” se Josh. “Elk wil eendag ’n vlieënier wees. Maar wag! Ek wil vir julle wys hoe om te vlieg. Doen wat ek doen,” roep hy.

Josh sprei sy arms uit en toe sing hy:

“Wieg links, wieg regs. Wieg regs, wieg links. Sprei jou arms en maak jou oë toe.

Op, af en om en om. Ons vlieg, dis hoe! Afrika, Neo, Bella en Hope speel gou saam. Tervyl Josh al in die rondte draai in sy rolstoel, hardloop die ander singend en laggend met uitgestrekte arms al om hom. En natuurlik speel Noodle ook saam! Hulle stop eers toe almal uitasem is.



“Wow, that’s so cool,” Josh said. “One day I want to be a pilot. But wait! I will show you how to fly. Do what I do,” he shouted.

Josh lifted his arms and then he sang:

“Sway left, sway right. Sway right, sway left. Lift your arms and close your eyes. Left, right, up, down. We will fly all around.”

Afrika, Neo, Bella and Hope soon joined in. As Josh turned around and around in his wheelchair, the others ran around with their arms stretched out singing and laughing. And of course, Noodle joined in! They only stopped once they were all out of breath.


## Fly, everyone, fly! Kom ons vlieg!

Sihle Nontshokweni  
Magriet Brink &  
Leo Daly

During a long, slow bus journey, Afrika wishes he could fly quickly in an aeroplane to visit Gogo and his friends. When all the friends meet at Gogo’s house, Josh shows them a new way to fly. And Afrika shows them all the places they could go with a paper aeroplane!



Gedurende ’n lang, stadige busrit, wens Afrika hy kan vinnig met ’n vliegtuig vlieg om by Gogo en sy maats te gaan kuier. Wanneer al die maats by Gogo se huis bymekaarkom, wys Josh vir hulle ’n nuwe manier van vlieg. En Afrika wys vir hulle al die plekke wat hulle met ’n papiervliegtuig kan besoek!



Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil ’n leeskuil regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Drive your  
imagination

World Read Aloud Day 2021 • Wêrelddag vir Hardop Lees 2021

“Josh,” sê Afrika, terwyl hy Josh se rolstoel na die veld toe stoot, “onthou jy die vorige keer toe ek hier was en jy die vlieërkompetiesie gewen het?”


“Ja,” lag Josh. “Ek sal dit nooit vergeet nie.”

“Wel, kom ons hou ’n papiervlieëtuigkompetiesie,” sê Afrika en haal ’n tekening van sy papiervlieëtuig uit.

“Josh,” sê Afrika, as he pushed the wheelchair to the field, “remember the last time I was here and you won the kite competition?”

“Yes,” laughed Josh. “I’ll never forget that.”

“Well, let’s have a paper aeroplane competition,” said Afrika and took out a drawing of his paper aeroplane.



Afrika, Dintle and Mme wa Afrika were on a bus on their way to visit Gogo. “Yay! Holidays at last!” said Afrika as he bounced up and down in his seat.

“Sshhh! You’ll wake your sister,” whispered Mme wa Afrika.

“Sorry, Mama,” whispered Afrika.

Afrika tried to sit still, but he couldn’t. “I wish this old bus was an aeroplane,” he said as he put his arms out and pretended they were aeroplane wings. “If we were flying, we would have been at Gogo’s house long ago.”

“I know,” said Mama, “but please put your arms down before you poke your fingers in someone’s eye.”

“Eish, this bus is so slow,” sighed Afrika. “We’ll never get there.”

Afrika, Dintle en Mme wa Afrika is met ’n bus op pad om vir Gogo te gaan kuier. “Jippie! Uiteindelik is dit vakansie!” sê Afrika en bons op en af op sy sitplek.

“Ssjjj! Jy gaan jou sussie wakker maak,” fluister Mme wa Afrika.

“Jammer, Mamma,” fluister Afrika.

Afrika probeer stil sit, maar hy kan nie. “Ek wens hierdie ou bus was ’n vliegtuig,” sê hy en strek sy arms uit en maak asof hulle vliegtuigvlerke is. “As ons gevlieg het, sou ons lankal by Gogo se huis gewees het.”

“Ek weet,” sê Mamma, “maar laat sak asseblief jou arms voor jy jou vingers in iemand se oog steek.”

“Eish, hierdie bus is so stadig,” sug Afrika. “Ons gaan nooit daar kom nie.”




“Now let’s make some paper planes,” said Afrika. He opened his backpack and pulled out a few sheets of paper. “I’ll show you what to do.”

“I wish they taught us this in school,” said Hope as she followed Afrika’s instructions.

Once everyone was done, Afrika said, “Before you let your plane fly, you must decide where you want to go. As you throw your plane into the air shout out the name of the country you are sending your plane to. One, two, three – FLY!” They all threw their paper planes up into the air.





She looked in the mealie patch, but Little Goat was not there.

Sy gaan kyk in die melleland, maar Klein Bokkie is nie daar nie.



Lots more free books at [bookdash.org](https://bookdash.org)


Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit [www.nalibali.org](https://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](https://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](https://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](https://www.nalibali.mobi)



Drive your imagination



She had walked far from Mother Goat. Mother Goat wondered where Little Goat had gone.

Sy is nou baie ver van Mamma Bok af. Mamma Bok wonder waar Klein Bokkie kan wees.

Little Goat found the sweetest grass. She ate and ate.

Klein Bokkie vind die soetste gras. Sy eet en eet.

# Little Goat Klein Bokkie

Nicola Anne Smith  
Tiffany Mac Sherry  
Mirna Lawrence






En soos sy soek, loop Klein Bokkie al verder en verder weg van Mamma Bok af.



Mother Goat ran to the river. But Little Goat was not there. "Where are you, Little Goat?" bleated Mother Goat.



Little Goat went to find the sweetest grass. The sky was blue above. But she did not look up.


Klein Bokkie is op soek na die soetste gras. Die lug is blou daarbo. Maar sy kyk nie op nie.



"I wasn't lost ... I have been here all the time!" said Little Goat.

"Ek het nie weggeraak nie ... ek was nog die hele tyd hier!" sê Klein Bokkie.



Mamma Bok hardloop na die rivier toe. Maar Klein Bokkie is nie daar nie. "Waar is jy, Klein Bokkie?" blêr Mamma Bok.



As she walked along, Little Goat moved further and further away from Mother Goat.

The river gurgled below. But Little Goat did not listen to its song.

Die rivier murmel daar onder. Maar Klein Bokkie luister nie daarna nie.




'n Voeltjie roep na  
Mamma Bok: "Klein  
Bokkie slaap in die soet  
gras oorkant die brug."



A bird called  
to Mother Goat,  
"Little Goat is asleep  
in the sweet grass across  
the bridge."

"Wake up, Little Goat," said Mother Goat gently. "You were lost!"



"Word wakker, Klein Bokkie," sê  
Mamma Bok saggies. "Ek was bang  
jy het weggeraak!"



She just walked along looking for the  
sweetest grass.  
Sy loop net verder, op soek na die  
soetste gras.



Mother Goat crossed the bridge to the  
sweet grass.  
Mamma Bok loop oor die brug tot by  
die soet gras.

There she found Little Goat fast asleep.  
Daar kry sy Klein Bokkie, vas aan die slaap.

A bird called to her, saying, “How do you  
do?” But Little Goat didn’t answer.

’n Voëltjie roep na haar en vra: “Hoe gaan  
dit?” Maar Klein Bokkie antwoord nie.






The next day everyone was up early. "If I know your friends," said Mme wa Afrika, "they will be here before you've finished your breakfast." Just then everyone heard barking. "Noodle, slow down!" Bella shouted, as she followed Noodle into the room. Noodle was very happy to see everyone. Soon Josh and Hope arrived and everyone started talking at once. Gogo covered her ears. "Finish eating, then off you go!" Gogo said and sent the older children and Noodle outside to play.


Die volgende dag is almal vroeg wakker. "Soos ek jou maats ken," sê Mme wa Afrika, "sal hulle hier wees voor julle klaar ontbyt geëet het." Net toe hoor hulle 'n gebel. "Hokaa!, Noodle!" roep Bella toe Noodle voor haar by die vertrek inhardloop. Noodle is baie bly om almal te sien. En toe kom Josh en Hope ook daar aan en almal begin gelik praat. Gogo druk haar ore toe. "Eet gou klaar, en dan kan julle weg wees!" sê Gogo en stuur die ouer kinders en Noodle buitentoe om te gaan speel.

"Wait! Neo, stop! Where are you going?" asked Afrika. "Home," laughed Neo, "I'm hungry!" "Me too," said Bella. "Woof!" said Noodle. Hope looked at her watch. "We're late for lunch," she said. "We'd better run." "No," said Josh. "Let's fly!" They all laughed, put their arms out ... and flew home.

"Wag! Stop, Neo! Waarheen gaan jy?" vra Afrika. "Huis toe," lag Neo, "ek's honger!" "Ek ook," sê Bella. "Woef!" sê Noodle. Hope kyk na haar horlosie. "Ons is laat vir middagete," sê sy. "Ons beter hardloop." "Nee," sê Josh. "Kom ons vlieg!" Hulle lag almal, strek hul arms uit ... en vlieg huis toe.



"Kom ons maak nou papiervliegtuie," sê Afrika. Hy maak sy rugsak oop en haal 'n paar velle papier uit. "Ek sal julle wys wat om te doen." "Ek wens hulle het dit vir ons in die skool geleer," sê Hope terwyl sy Afrika se instruksies volg. Toe almal klaar is, sê Afrika: "Voor jy jou vliegtuig gooi, moet jy besluit waarheen jy wil vlieg. Wanneer jy jou vliegtuig in die lug gooi, sê die naam van die land waarheen jy jou vliegtuig stuur. Een, twee, drie – Vlieg!" Hulle gooi almal hul papiervliegtuie in die lug op.



Terwyl Gogo die koek sny, sê sy: "Toe ek jonk was, het ons nie busse gehad nie. Nou is daar karre, taxi's, busse, treine ..."

"... en vliegtuie," sê Neo toe hy saam met Mbali in die vertrek instap. Afrika spring op om sy maats te groet. Hy is so bly om hulle weer te sien.

Mbali kyk rond. "Njamm, njamm," sê sy en wys na die koek. Gogo lag en gee vir elkeen van hulle 'n snytjie koek. "Josh, Hope en Bella sal môre kom kuier," sê sy.

"En Noodle," sê Mbali.

"En Noodle," knik Gogo.



As Gogo cut the cake she said, "When I was young we didn't have buses. Now there are cars, taxis, buses, trains ..."

"... and aeroplanes," said Neo as he walked into the room with Mbali. Afrika jumped up to greet his friends. He was so happy to see them again.

Mbali looked around. "Yum, yum," she said pointing at the cake.

Gogo laughed and gave them each a slice. "Josh, Hope and Bella will visit tomorrow," she said.

"And Noodle," said Mbali.

"And Noodle," agreed Gogo.

It took hours, but at last the bus stopped and they could see Gogo waving to them. "I was so excited that I got here early," said Gogo as she hugged and kissed them all.

"We were on this bumpy, noisy, old bus for so long, Gogo," said Afrika.

"I know," smiled Gogo. "Now, let's get you all home. I have tea and cake waiting and Neo and Mbali will be home soon." That made Afrika smile all the way to Gogo's house.



Dit vat ure, maar uiteindelik hou die bus stil en hulle kan sien hoe Gogo vir hulle waai. "Ek was so opgewonde dat ek al van vroeg af hier wag," sê Gogo terwyl sy almal van hulle druk en soen.

"Ons was so lank op hierdie stamperige, raserige ou bus, Gogo," sê Afrika.

"Ek weet," glimlag Gogo. "Kom ons gaan huis toe. Die tee en koek staan reg en Neo en Mbali sal nou-nou by die huis wees." En dit maak Afrika so gelukkig dat hy al die pad na Gogo se huis glimlag.

"Ek stuur myne Zimbabwe toe!" sê Neo.

"Myne gaan Engeland toe!" sê Bella en Hope gelyktydig.

"Brasilië!" sê Afrika.

"Japan!" sê Josh.

Die kinders lag terwyl hulle kyk hoe hul vliegtuie deur die lug vlieg. Noodle hardloop blaffend rond en probeer die papiervliegtuie vang!

"Nou weet julle dat 'n mens nie in 'n regte vliegtuig hoef te wees om te kan vlieg nie," sê Josh.

"I'm sending mine to Zimbabwe!" said Neo.

"Mine's going to England!" Bella and Hope shouted at the same time.

"Brazil!" said Afrika.

"Japan!" said Josh.

The children laughed as they watched their planes fly across the sky. Noodle ran around barking and tried to catch the paper planes!

"Now you know that you don't have to be in a real aeroplane to be able to fly," said Josh.



## Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Fly, everyone, fly!* (pages 5, 6, 11 and 12), *Little Goat* (pages 7 to 10) and *The tale of Oxpecker and Buffalo* (page 14).

### Fly, everyone, fly!

#### ★ Before you read the story

- Ask the children if they have ever flown in an aeroplane or seen an aeroplane on TV or in a book. Encourage them to share their thoughts with you.

#### ★ After you've read the story

- Talk about different ways to travel to faraway places. What is the best and the worst things about travelling for a long time?
- Ask younger children to draw and older children to write about a place they would like to visit. What would they see and do there?

### Make a paper plane

1. Fold a page in half lengthwise.

2. Open the page again and fold the top corners toward the middle.

3. Fold the top edges toward the middle again.

4. Fold the plane in half so that the triangles are on the inside.

5. Fold the sides of the plane to the bottom on both sides. Unfold them slightly so that the plane is flat on top.



## Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Hulle is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Kom ons vlieg!* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Klein Bokkie* (bladsye 7 tot 10) en *Die verhaal van Renostervoël en Buffel* (bladsy 15).

### Kom ons vlieg!

#### ★ Voor jy die storie lees

- Vra vir die kinders of hulle al ooit in 'n vliegtuig gevlieg het, of 'n vliegtuig op TV of in 'n boek gesien het. Moedig hulle aan om hul gedagtes met jou te deel.

#### ★ Nadat jy die storie gelees het

- Gesels oor verskillende maniere om na verafgeleë plekke te reis. Wat is die beste en die slegste dinge van 'n lang reis?
- Vra vir jonger kinders om te teken en vir ouer kinders om te skryf oor 'n plek wat hulle graag wil besoek. Wat sou hulle daar wou sien en doen?

### Maak 'n papiervliegtuig

1. Vou 'n bladsy in die lengte in die helfte.

2. Vou die bladsy weer oop en vou die boonste hoeke na die middel toe.

3. Vou dan die boonste rande weer na die middel toe.

4. Vou die vliegtuig in die helfte sodat die driehoeke aan die binnekant is.

5. Vou die kante van die vliegtuig aan albei kante ondertoe. Vou dit effens oop sodat die vliegtuig bo-op plat is.



### The tale of Oxpecker and Buffalo

Do you have any suggestions for what Oxpecker and Buffalo could do to get along better? Write a letter to them in which you share these ideas. (Do this with a group of friends or on your own!)



### Die verhaal van Renostervoël en Buffel

Het jy enige voorstelle vir wat Renostervoël en Buffel kan doen om beter oor die weg te kom? Skryf 'n brief aan hulle waarin jy hierdie idees deel. (Doen dit saam met 'n groep maats of op jou eie!)

### Little Goat

- Discuss with your children what it means to be lost by asking, "Do you think Little Goat was lost? Why/why not?"
- Invite your children to draw a picture that shows what it feels like to be lost.
- Challenge older children to retell the story using human characters in place of Mother Goat and Little Goat.



### Klein Bokkie

- Besprek met jou kinders wat dit beteken om weg te raak deur te vra: "Dink julle Klein Bokkie het weggeraak? Waarom/waarom nie?"
- Nooi jou kinders om 'n prent te teken wat wys hoe dit voel om weg te raak.
- Daag ouer kinders uit om die storie oor te vertel deur menslike karakters in plaas van Mamma Bok en Klein Bokkie te gebruik.



Drive your imagination



# The tale of Oxpecker and Buffalo

By Kai Tuomi ■ Illustrations by Samantha van Riet



In the old days, Oxpecker had a bright yellow bill. He lived in a little hut in a patch of long grass. Each day he would sweep his hut before setting off into the grass to catch his favourite food. At night he would climb into his nest-bed, his belly full of green grasshoppers, flies and wriggly worms.

If anyone came into the patch of long grass, Oxpecker would fly up and shout at them. He would peck them and make a fuss until they went away. He liked to live alone, and he didn't want to share with anyone.

One day, while Oxpecker was out searching for insects, he heard a low rumble, like the sound of thunder rolling in the hills, and something blocked out the sun.

"What now?" shrieked Oxpecker, flying up out of the long grass to get a better view.

A big, black animal with heavy horns was walking through the long grass.



"Hello," said Buffalo. "I haven't eaten anything in weeks. This long grass is exactly what I need. May I have some?"

"No! Go away!" shouted Oxpecker.

"Well, I'll die if I don't eat something. There hasn't been any rain for months. This is the only patch of long grass around here. Won't you let me eat some of it, please?"

"Didn't you hear me? Go away!" said Oxpecker flying around Buffalo's head.

"But you don't even eat grass," Buffalo said. And then he tried again, "We could share the grass."

"I don't share! This is mine! Mine! Mine! Now go away!" shouted Oxpecker.

Buffalo's forehead wrinkled and his eyes narrowed to slits. He got so angry that his tail swished back and forth, making a loud clapping sound as it struck the sides of his rump. "Well, if you are going to be rude, I'm going to eat it anyway. I eat grass, that is what I do, and I am hungry, so here I GO, you rude bird," said Buffalo about to chomp on some grass.

"You wouldn't dare!" shrieked Oxpecker.

"How are you going to stop me? Look at how big I am. And because you're being so rude, I've decided that I'm going to eat and eat and eat until I'm full." And with a loud *MUNCH! CRUNCH!* Buffalo started to eat.

This made Oxpecker so angry that the end of his beak turned bright red. Oxpecker flew around Buffalo's head shouting and shrieking and whooping, but Buffalo just kept on eating. Soon all the long grass was gone. To make matters worse, Buffalo put his big hoof right through the roof of Oxpecker's hut.

Oxpecker flew up onto Buffalo's back and started pecking away at his skin.

"That's not going to work," said Buffalo. "My skin is very thick. Even Lion has tried to bite me with his sharp teeth and I got away. You are too small, Oxpecker. And you deserved what you got. I was willing to share."

"Well, that's it then," said Oxpecker growing suddenly quiet. "I was only angry and rude because that was my home. Now I have no home and no food – all those delicious green grasshoppers, flies and wriggly worms that lived in the long grass are gone! Everything's gone."

Buffalo looked back at Oxpecker, who was crying, and then to the bare patch of earth and the broken hut. "I'm sorry I destroyed your home," he said, "but maybe I can make it up to you. I have a problem with insects, you see. I mean, just take a look at my back. There are always far too many insects hanging on and crawling all over me. You could eat them, and it would be really nice to have someone finally get rid of them for me."

Oxpecker looked up and down Buffalo's body and noticed all the little insects clinging to Buffalo's skin. The bird's tummy rumbled, but the thought of doing Buffalo a favour after everything he had done, made Oxpecker angrier and angrier. His yellow bill grew redder and redder.

"First you ate all my lovely grass!" shouted Oxpecker. "Then you wrecked my house. You actually put your big hoof right through the roof! Now you want me to eat all these insects as a favour!" He walked up and down Buffalo's back, pecking at the insects as he talked. "You really are the worst, Buffalo! As if I would help you," he said with his little mouth full of insects.



Buffalo simply shrugged and walked off with Oxpecker riding on his back, shouting and eating insects. And they are still doing that to this day, but Oxpecker never forgave Buffalo, and his yellow beak stayed red forever.



Drive your  
imagination



# Die verhaal van Renostervoël en Buffel

Deur Kai Tuomi ■ Illustrasies deur Samantha van Riet



In die ou dae het Renostervoël 'n heldergeel snawel gehad. Hy het in 'n klein hutjie in 'n lappie lang gras gewoon. Hy het elke dag sy hut uitgevee voordat hy koers gekies het na die gras om sy gunstelingkos te gaan vang. Saans het hy dan in sy nesbed geklim, met sy maag vol groen sprinkane, vlieë en wriemelende wurms.

As enigiemand dit naby die lang gras sou waag, het Renostervoël opgevlieg en op hulle geskree. Hy het hulle gepik en verwilder totdat hulle weggegaan het. Hy het daarvan gehou om alleen te woon, en wou dit nie met enigeen deel nie.

Op 'n dag, terwyl Renostervoël insekte soek, hoor hy 'n diep gerammel, soos die geluid van donderweer in die heuwels, en iets keer die son weg.

"Wat op aarde?" skree Renostervoël en vlieg op uit die lang gras om beter te kan sien.

'n Groot, swart dier met sterk horings loop deur die lang gras.



"Hallo," sê Buffel. "Ek het weke laas iets geëet. Hierdie lang gras is presies wat ek nodig het. Kan ek maar daarvan eef?"

"Nee! Gaan weg!" skree Renostervoël.

"Wel, ek sal doodgaan as ek nie iets eet nie. Dit het maande laas gereën en hierdie is die enigste lappie lang gras hier rond. Kan ek asseblief daarvan eef?"

"Het jy my nie gehoor nie? Gaan weg!" sê Renostervoël, en vlieg om Buffel se kop.

"Maar jy eet nie eens gras nie," sê Buffel. En hy probeer weer: "Ons kan die gras deel."

"Ek deel nie! Dis myne! Myne! Myne! Skoert nou!" skree Renostervoël.

Buffel se voorkop trek op 'n plooi en sy oë trek op skrefies. Hy is so kwaad dat sy stert heen en weer swiep en 'n hard klapgeluid maak toe dit teen sy kruis klap. "Wel, as jy onbeskof gaan wees, gaan ek dit in elk geval eet. Ek eet gras, dis wat ek doen, en ek is honger, so hier GAAN ek, jou ongepoetste voël," sê Buffel en mik na die naaste graspol.

"Jy sal dit nie waag nie!" gil Renostervoël.

"Hoe gaan jy my keer? Kyk hoe groot is ek. En omdat jy so onbeskof is, gaan ek eet en eet en eet totdat ek genoeg gehad het." En met 'n harde KNARS! KNARS! begin Buffel eet.

Dit maak Renostervoël so kwaad dat die punt van sy snawel helderrooi word. Renostervoël vlieg om Buffel se kop en skree en gil en gaan tekere, maar Buffel hou net aan met eet. Gou is al die lang gras weg. Om dinge erger te maak, trap Buffel met sy groot hoef reg deur die dak van Renostervoël se hut.

Renostervoël vlieg tot op Buffel se rug en begin sy vel pik.

"Dit gaan nie werk nie," sê Buffel. "My vel is baie dik. Selfs Leeu het my al met sy skerp tande probeer byt, en ek het weggekom. Jy's te klein, Renostervoël. En jy't gekry wat jy verdien het. Ek was bereid om te deel."

"Wel, dan's dit hoe dit is," sê Renostervoël, en raak skielik stil. "Ek was net kwaad en onbeskof omdat dit my huis was. Nou het ek nie meer 'n huis of kos nie – al daardie heerlike groen sprinkane, vlieë en wriemelende wurms wat in die lang gras gewoon het, is weg! Alles is weg."

Buffel kyk om na die huilende Renostervoël, en dan na die kaal stuk grond en die stukkende hut. "Ek's baie jammer dat ek jou huis vernietig het," sê hy, "maar dalk kan ek jou vergoed daarvoor. Jy sien, ek het 'n probleem met insekte. Kyk maar net na my rug. Daar is altyd hopeloos te veel insekte wat oral aan my hang en oor my kruip. Jy kan hulle eet, en dit sal regtig lekker wees as iemand my uiteindelik kan help om van hulle ontslae te raak."

Renostervoël kyk op en af langs Buffel se rug, en sien al die klein insekte wat aan Buffel se vel vasklou. Die voël se maag grom, maar die idee om vir Buffel 'n guns te doen na alles wat gebeur het, maak Renostervoël net kwater en kwater. Sy geel snawel word rooier en rooier.

"Eers eet jy al my lieflike gras op!" skree Renostervoël. "Dan verwoes jy my huis. Jy het sowaar met jou groot hoef die dak stukkend getrap! Nou wil jy hê ek moet jou 'n guns doen en al hierdie insekte opeet!" Hy loop op en af op Buffel se rug, en pik aan die insekte terwyl hy praat. "Jy is vermetel, Buffel! Asof ek jou sal help," sê hy met sy mond vol insekte.



Buffel haal net sy skouers op en loop verder, met Renostervoël wat op sy rug ry en bly skree en insekte eet. En dit doen hulle tot vandag toe, maar Renostervoël het nooit vir Buffel vergewe nie, en sy geel snawel het vir altyd rooi gebly.

# Nal'ibali fun

## Nal'ibali-pret




1.

### Make a badge

1. Cut along the red dotted line to cut out the badge.
2. Colour in the picture.
3. Cut a circle the same size as the badge from some thin cardboard, for example, a cereal box.
4. Use glue to paste the badge onto the cardboard.
5. Use sticky tape or masking tape to attach a safety pin to the back of the badge. Or make a hole at the top and thread some wool or string through it so that you can hang it around your neck.
6. Enjoy wearing your badge as you read and listen to stories on World Read Aloud Day.

### Maak 'n kenteken

1. Sny op die rooi stippellyn om die kenteken uit te knip.
2. Kleur die prent in.
3. Sny 'n sirkel wat net so groot soos die kenteken is uit dun karton – gebruik byvoorbeeld 'n graankosboks.
4. Gebruik gom om die kenteken op die karton vas te plak.
5. Gebruik kleefband of maskeerband om 'n haakspeld aan die agterkant van die kenteken vas te plak. Of maak 'n gaatjie aan die bokant en ryg 'n stukkie wol of tou daardeur sodat jy dit om jou nek kan hang.
6. Geniet dit om jou kenteken te dra terwyl julle stories lees en daarna luister op Wêrelddag vir Hardop Lees.



2.

Unscramble the letters to find five words from *Fly, everyone, fly!* that have to do with how we travel.

Skommel die letters om vyf woorde uit *Kom ons vlieg!* te vind wat te make het met hoe ons reis.

nsaitr

racs

subes

satxi

ploreasena

entrei

rkare

subse

axti's

igtvileue

3.

Look at these pictures from *Fly, everyone, fly!* Number them so that they match the order in which things happened in the story. Now use the pictures to retell the story.

Kyk na hierdie prente uit *Kom ons vlieg!* Nommer hulle sodat hulle in die volgorde is waarin dinge in die storie gebeur. Gebruik nou die prente om die storie oor te vertel.



Antwoorde: 2. treine, karre, busse, taxi's, vliegtuie; 3. 3, 2, 4, 1  
Antwors: 2. trains, buses, taxis, aeroplanes; 3. 3, 2, 4, 1

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:



www.nalibali.org



www.nalibali.mobi



nalibaliSA



@nalibaliSA



@nalibaliSA



info@nalibali.org



Drive your  
imagination

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

JABAVU

RECORD

UMLAZI  
EYETHU

Bonus

LENTSWE  
THE VOICE OF MATLOSANA

RIDGE TIMES

